

10 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 1 en 2

Waar God is is daar orde en dissipline

Waaroor gaan die boek Numeri?

Numeri beteken “getalle”, maar net ‘n klein gedeelte van die boek handel oor getalle. Die Hebreuse Bybel gebruik die woord Bammidbaar wat “in die woestyn” beteken. Dit dui op die veertig jaar lange woestyntog. Dis ‘n beter benaming. Ten diepste gaan dit egter oor God. Soos ons deur die boek lees, leer ons God wonderlik in waarheid ken. Ook laat Numeri ons die mens sien soos hy is. Dit laat ons telkens skrik. Hoe opstandig is die mens nie?

Wat is die twee belangrikste sake in hoofstukke 1 en 2?

Die belangrikste feit is sekerlik dat God saam met sy volk optrek. Ons lees dat God in die middel van die volk is en saamtrek. Hy is nie iewers naby nie. Nee, Hy is in die middel. Die tabernakel moes altyd in die middel wees. Dit was die sigbare simbool van God se teenwoordigheid. Dit is heerlik om ook vandag te weet dat God nie net naby ons is nie, maar deur sy Gees by ons en in ons.

Tweedens moes daar orde en dissipline wees. Waar God is, is daar orde. Die volk het soos ‘n goed geordende leer opgetrek. Daar was behoorlikeensus, volgorde van tentopslaan en –afbreek en behoorlik verkose leiers.

Só moet dit vandag nog in elke huis wees. Orde, leierskap en dissipline mag nie ontbreek nie.

Sing: Skrifberyming 43:5

Dr NP Heystek (Wapadrant)